

CLF - Elise Tempelhoff Toekenning vir Omgewings- bewaring en - geregtigheid

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS


Aard en doel van die toekenning

As deel van Christelike Lektuurfonds (CLF) se verbondenheid tot omgewingsgeregtigheid word 'n jaarlikse prys, wat 'n prysgeld van R10,000.00 insluit, toegeken vir omgewingsbewaring en -geregtigheid.

Die toekenning beoog om erkenning te gee aan individue én organisasies wat hulle beywer om die erfenis van die omgewing in die vele gestaltes daarvan te bewaar, deur:

- publikasies, media of projekte;
- die openbare bewussyn te beïnvloed, ten einde groter waardering vir die omgewing te ontwikkel, asook:
- ons roeping tot die bewaring daarvan, in terme van algemene Christelike (Bybelse) waardes en beginsels.

Die naam van die toekenning is gekoppel aan die omgewingsjoernalis Elise Tempelhoff, uit waardering vir haar volgehoue bydrae tot omgewingsbewaring en -geregtigheid.




Kategorieë

Drie kategorieë word onderskei vir die beoordeling van openbare bydraes vir die toekenning. Die fokus op die drie kategorieë sal jaarliks om die beurt verskuif, sodat elke kategorie geleentheid kry om in 'n gegewe jaar beklemtoon te word:

Jaar een: Individue en organisasies wat deur volgehoue en langdurige openbare optrede en georganiseerde projekte, op grond van algemene Christelike (Bybelse) waardes, beduidende impak maak op die samelewing se bewussyn van die noodsaak vir omgewingsgeregtigheid en so-doende bydra tot konstruktiewe betrokkenheid by omgewingsgeregtigheid.

Jaar twee: Populêre publikasies, media-aanbiedinge, fotografiese artikels/uitstalling en dokumentêre programme wat as enkel projek of as reeks aanbiedinge tot groter sensitiwiteit van die omgewing aangespoor het. Die projek kan die saak van omgewing-sensitiwiteit op grond van diverse uitgangspunte aanbied.



Jaar drie: Akademiese (teologiese) publikasies oor enige aspek van omgewingsgeregtigheid op grond van algemene Christelike (Bybelse) waardes, wat in die voorafgaande drie jaar deur uitgewers uitgegee is en die openbare bewussyn oor omgewingsgeregtigheid beïnvloed het. Die publikasies kan skripsies, proefskrifte en elektroniese werke wees wat deur uitgewers op amptelike platforms gepubliseer is.

Kriteria vir beoordeling van elke kategorie

Jaar een: Individue en organisasies (aktivisme/"advocacy"):


- Georganiseerde en toegewyde aktiwiteite, programme en projekte deur individue of kollektiewe agentskappe, in enige vertakking van omgewingsgeregtigheid, op grond van algemene Christelike (Bybelse) waardes;
- Aanduiding van die individu of kollektiewe agentskap se volgehoue en langdurige openbare optrede en georganiseerde projekte, asook die impak daarvan op die bewussyn van individue en gemeenskappe;



- Aanduiding van doelgerigte en aktiewe netwerkvorming met die oog op die beïnvloeding van individue en gemeenskappe ten opsigte van omgewingsgeregtigheid;
- Voorbeelde van spesifieke aktiwiteite en projekte.

Jaar twee: Populêre bydraes:


- Kort inligtingstukke, video's en ander geskrewe, ouditiewe of visuele aanbiedinge wat gerig is op bewusmaking van omgewingsgeregtigheid: enkel projek of reeks aanbiedinge, op grond van diverse uitgangspunte.
- Beoordeling van die tema, boodskap en medium van aanbieding in terme van trefkrag en professionaliteit.
- Verdiskontering van die publikasie of platform waar die bydrae geplaas is, die spesifieke teikengroep van die kommunikasie-medium en die reaksie van die gemeenskap op die bydrae (waar dit moontlik beskikbaar is).



Jaar drie: Akademiese (Christelik teologiese) publikasies:

- Akademiese werk in enige vertakking van omgewingsgeregtigheid wat deur geregistreerde uitgewers ingeskryf is, insluitend skripsies, proefskrifte en elektroniese bydraes wat op uitgewers se amptelike platform verskyn;
- Binne die konteks van aktuele teologiese debatte;
- Wat 'n oorspronklike vakkundige bydrae maak.

Elise Temperlhoff



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

9 Julie 2021

